Skrifgedeelte: Kolossense 1:9-23

Teksverse: Kolossense 1:22-23

Tema: Staan sterk en vas deur jou geloofshuis op stewige fondamente te bou!

Op die laaste dag van die uitreik het ek die belydenisklas goed geïrriteerd gehad. Ek het hulle gevra om met hulle waterbottels, op `n redelike lendelam tafeltjie, `n toring te bou. Elke keer, na groot gesukkel, wanneer die toring so drie bottels hoog is, het ek "per ongeluk" aan die tafel gestamp en moes hulle die hele bouprojek van voor af begin. Die doel van hierdie oefening was om hulle te leer dat `n goeie, sterk fondament, help om `n stewige huis te bou.

Só is `n goeie, sterk geloofsfondament nodig om `n stewige geloofshuis te bou. Jou verhouding met die Here kan alleen groei en alleen staande bly, wanneer jy op `n stewige fondament bou. Dit is wat Paulus ook in hierdie twee verse van Kolossense 1 vir die gelowiges wou leer. Die dorp Kolosse was in `n gebied wat gereeld deur aardbewings getref was, so die gelowiges wat hier gebly het, het geweet hoe belangrik goeie fondamente was.

Daarom dat Paulus by hierdie hele gedagte aansluit. Die woord wat hy hier in vers 23 vir "losruk" gebruik, is dieselfde woord wat gebruik was om die skok van `n aardbewing te beskryf en die woord wat hy vir "vas staan" gebruik het, was dieselfde woord wat gebruik was om die gooi van `n fondasie te beskryf. Wat Paulus dus vir hierdie gemeente - en ook vir ons - wou sê is: "Staan sterk en vas deur jou geloofshuis op stewige fondamente te bou!"

Maar luister mooi waar Paulus met hierdie hele gedagte begin! Hy begin in vers 22 deur te sê dat God hierdie mense met Homself versoen het deurdat Jesus Christus as mens gesterf het, sodat hulle heilig, sonder smet en onberispelik voor God kan wees. Paulus begin dus by dit wat God klaar gedoen het en wat die gelowiges reeds het. Hulle staan reeds in `n verhouding met God deur Jesus Christus! Hulle is reeds heilig, sonder smet en onberispelik voor God. Hulle is reeds verlos.

Omdat hulle al hierdie dinge reeds het, daarom moet hulle vas en sterk staan in die geloof en hulle nie laat losruk van die hoop wat hulle het nie.

Daarom dat hierdie ses jongmense vanoggend hulle geloof wil bely. Hulle glo en is seker dat hulle reeds in `n verhouding met God staan deur Jesus Christus. Hulle glo hulle is reeds heilig, sonder smet en onberispelik voor God. Hulle is reeds verlos. Maar omdat hulle dit weet en dit reeds is, daarom wil hulle verder groei in die geloof, daarom wil hulle hulle geloofshuis bou op stewige fondamente.

Twee van julle het dit in julle briewe aan die kerkraad baie mooi gestel. Een het gesê: "Ek wil saam met die kerk groei in die geloof en God se Naam met my hele hart loof..." en die ander: "In myself is ek swak en kan slegs my lewe rig op die beskerming van die Drie Enige God. My dankbaarheid aan God wil ek betoon deur daagliks sy aangesig te soek en na sy wil te lewe. Ek wil my lewe voort aan Hom wy deur geloof, hoop en liefde en glo dat Hy my reeds voor my geboorte uit genade gered het."

Julle weet Wie God is, wat Hy vir julle gedoen het en wie julle in Hom is. Maar net só weet julle dat elke gelowige swak is en nie uit sy eie staande kan bly teen die aardbewings van die lewe nie. Nee,

ons geloof moet gebou word op stewige fondamente, sodat ons geloof sal bly staan wanneer die skokke van die lewe ons tref.

Die vraag is egter: hoe doen ons dit en hoe lyk hierdie fondamente? Ons kan hierdie fondamente in vyf slagspreuke saamvat:

1. Alleen aan God die eer.
2. Die Woord van God alleen.
3. Jesus Christus alleen.
4. Geloof alleen.
5. Genade alleen.

Dit is die vyf fondamente waarop ons ons geloof kan bou, sodat ons staande kan bly wanneer die skokke van hierdie lewe ons hoop wil steel. Wanneer ons na Kolossense 1 luister, hoor ons ook hoe Paulus ons hierop wys.

Hy begin deur in vers 9 en 10 te sê dat sy en Timoteus se gebede daarop gerig is dat God vir hierdie gemeente wysheid en insig sal gee en dat hulle God se wil sal ken, sodat hulle tot die eer van die Here sal lewe. Paulus leer ons ook dat God met sy volle wese in Jesus Christus woon en dat Jesus Christus die beeld van God is en dat alles deur Hom en vir Hom geskep is. Alles is dus daarop gerig dat God alleen die eer moet kry - in die skepping, onder mense en in die kerk! Alles gebeur op só `n manier dat God op die einde die eer kry, selfs al weet ons en kan ons nie sien hoe nie. Alleen aan God die eer.

Maar hoe weet ons dit? Natuurlik deur God se Woord alleen! `n Paar keer in hierdie hoofstuk sê Paulus vir die gemeente dat hulle die waarheid van die evangelie gehoor het en dat hulle moet toeneem in die kennis van God. Die Woord van God is aan hulle bekend gemaak en die Woord gee aan elkeen van ons `n onbeskryflike hoop. Dit is net deur God se Woord wat ons herinner word aan hierdie hoop wat ons het en hierdie hoop is juis dat alles tot die eer van God sal wees.

Maar hierdie hoop is alleen vir ons `n realiteit omdat ons vir Jesus Christus ken. Hierdie hele eerste hoofstuk fokus op Jesus Christus. Jesus Christus as die Beeld van God, as die Hoof van die Kerk, as die Oorsprong van alles wat bestaan, as die volmaakte Offer vir ons sondes en later in die hoofstuk: Jesus Christus in ons as die inhoud van die groot geheim van God. En in Filippense leer Paulus ons dat God al die eer gaan kry wanneer elke knieg sal buig en elke tong sal erken 'Jesus is Here' tot eer van God die Vader.

Ons hoor dat Johannes ons leer dat God se Woord, waardeur Hy alles gemaak het, Mens geword het en onder ons kom woon het. Dit is hoe Johannes Jesus Christus beskryf het - die lewende Woord!

In Jesus Christus trek al vyf hierdie fondamente saam: deur Hom ontvang God alleen al die eer. Hy is die lewende Woord wat God se grootheid, genade en die hoop wat Hy gee aan ons bekend kom maak het. Hy is die beeld van God wat ons weer in `n verhouding met God gebring het en, soos Paulus in vers 14 sê, deur die Seun het ons die verlossing verky, die vergewing van sondes. Alleen in Christus is daar vir ons verlossing.

Maar dit is net deur die geloof wat ons só kan deel kry aan Jesus Christus. Dit is alleen deur geloof wat Jesus Christus se offer aan die kruis vir my `n realiteit word en dit is alleen deur geloof dat

hierdie hoop wat Jesus Christus vir ons gebring het, vir my `n werklikheid is. Daarom dat Paulus sê dat ons sterk moet bly staan in die geloof, want dit is net deur die geloof wat ons só deel kry aan Jesus Christus en geloof is iets wat alleen uit genade aan ons gegee word, deur die Heilige Gees. Daarom dat Paulus in vers 9 bid dat die gemeente sal toeneem in die insig en wysheid wat die Heilige Gees gee. Hierdie is geloofswysheid en insig wat alleen uit genade aan iemand gegee word.

Dit is die vyf fondamente waarop elkeen van ons ons verhouding met die Here moet bou, omdat Hy ons reeds in `n verhouding met Hom geplaas het. Indien jy vanoggend hier sit en jy is nog nie besig om jou geloof só te bou nie of jy sit dalk hier en jy glo nie dat hierdie vir jou waar is nie, begin waar Paulus begin het. Begin deur te bid en te vra dat God deur die Heilige Gees aan jou die insig en wysheid sal gee om innerlik sterk te word, sodat jy vas en sterk sal bly staan in die geloof en dat jy nie losgeruk sal word en hopeloos sal staan nie.

Want die skokke van die lewe gaan kom. Ook julle jongmense wat nou julle geloof gaan bely: onthou, die lewe is vol aardbewings wat jou geloofshuis se fondamente gaan toets. Hierdie skokke kom op verskillende maniere: soms in die vorm van slegte verhoudings, soms in die vorm van besige tye waar jou kennis getoets word, soms in die vorm van mense wat jou wil verlei om anders te dink oor die Here. En soms kom daardie skokke in die vorm van luiheid - luiheid om te werk, om saam met gelowiges bymekaar te kom, om werklik teen die sonde te stry.

Die skokke van die lewe gaan jou toets, maar dit is juis dan wat jou geloofshuis sterk en vas moet staan. Staan dus sterk en vas deurdat jy jou geloofshuis op hierdie stewige fondamente bou!

Amen.